

Dinsdag 14 Maart

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:1-14

Fokusgedeelte: Efesiërs 1:14

Die Heilige Gees as onderpand (*arrabon*) – waarborg teenoor die twyfel of ons wel ooit die erfenis van die verlossing sal ontvang

Baie mense se lewens kan as lewens sonder anker beskryf word. Hulle dryf maar net op die groot lewenssee rond, maar hulle het geen rigting nie. Hulle weet nie waar hulle vandaan kom en ook nie waar hulle heen gaan nie. Lewens sonder vastigheid en sekerheid. Hulle kry nie rigting na die hawe nie. Hulle dryf net rond totdat die storms van die lewe hulle skepies vroeër of later stukkend slaan.

Solank dit mooiweer is en die see kalm is, lyk dit glad nie so erg nie. Dit lyk nie na 'n groot probleem nie. Wanneer die storms egter opsteek, as die skip dreig om teen die rotse stukkend geslaan te word of op die sand te strand, dan kan jy nie sonder 'n anker wees nie.

In ons Skrifgedeelte lees ons van die anker wat God se kinders het en wat aan hulle heerlike vastigheid en sekerheid gee. Die grond vir hulle verlossing lê nie in hulleself of in die twyfelagtigheid van 'n menslike besluit nie. Die grond van hulle verlossing lê in God se uitverkiesing voor die grondlegging van die wêreld. Toe al het God besluit om hulle deur Jesus Christus as sy kinders aan te neem. In die volheid van die tyd het die Seun van God gekom om vir hulle sonde te betaal. God het sy Gees aan hulle gegee as die waarborg of onderpand dat hulle ook nog verder sal ontvang wat Hy beloop het.

Gebruik dan die anker van God se beloftes om getroos te lewe. God doen nie halwe werk nie. Hulle wat Hy uitverkies het en wat Hy deur sy Seun gered het, aan wie Hy sy Gees as waarborg gegee het, red Hy al die pad totdat hulle veilig in die hawe aankom.

Sing: Skrifberyming 1-1 (24):1, 2, 7

Ds. ASA (Stefaans) de Bruyn (Wilropark)